# HOOFSTUK 3

# DIE INVLOED VAN DIE MODERNE SAMELEWING OP DIE DOGTER SE GESLAGSRYPWORDING

## 3.1 INLEIDING

Die tempo van verandering het in die laaste dekade geweldig toegeneem en verg dikwels meer aanpassing as waartoe die mens normaalweg in staat is (Boshoff, 1976:13).

Die moderne samelewing is uiters dinamies en word gekenmerk deur voortdurende verandering. Tegnologiese ontwikkeling het die algemene lewenstyl beïnvloed en alles in die samelewing soveel makliker gemaak. Aan die ander kant het hierdie ontwikkeling oneindig morele probleme meegebring, waarvoor verantwoording deur opvoeders gedoen moet word. Die kind moet voortdurend voorberei word om aan samelewingseise te voldoen en dit op die korrekte wyse te hanteer (Downey en Kelly, 1987:152-153).

Die kulturele samelewing as geheel vertoon 'n promiskue houding teenoor seks en kinders ervaar hierdie houding op alle gebiede.
Dit is 'n voldonge feit dat daar tans 'n groeiende vlaag van permissiwiteit heers. Eietydse sedelike wangedrag soos dwelm- en drankmisbruik, vandalisme, asook seksuele praktyke onder veral die jeug neem onrusbarende afmetings aan (Smith, 1988:23).

In die twintigste eeu word daar besondere klem gelê op die seksuele aspek van menswees.

Ten spyte van meer openheid rondom hierdie aspek, bestaan daar steeds 'n gevoel van terughoudendheid en ongemak ten opsigte van seksuele aangeleenthede in die opvoedingsituasie (Van der Walt, 1990:130).

Die moderne jeug staan dus midde-in 'n seksualiteitskrisis. Toenemende seksuele aktiwiteite onder jeugdiges is 'n ernstige probleem in die samelewing en dit is nodig dat die opvoeder hom moet vergewis van die kind se seksuele behoeftes. In geslagsopvoeding moet die feit dat die kind 'n ontwikkelende, geslagtelike wese is nooit uit die oog verloor word nie (Barnard,1989:1-5; MacDowell, 1989:10; Van der Walt, 1990:130).

Die kind word gebore, behorende tot een van twee geslagte: man-in-wording of vrou-in-wording. Daarom is die seksuele aspek van die kind altyd teenwoordig, lank reeds voor puberteit wanneer die kind intens bewus raak van sy seksuele ontwikkeling.

Menslike seksualiteit is belangrik vir elke individu, hetsy kind, adolessent of volwassene. Seksuele identifikasie is belangrik vir die vorming van die selfbeeld en beïnvloed elke aspek van die mens se lewe (Bisschoff, 1977:108).

Wanneer daar iets skeefloop op die terrein van die kind se geslagtelike ontwikkeling, is die gevolge traumaties en kan die kind allerlei aanpassingsprobleme in die samelewing ondervind. Wanneer daar na die eietydse samelewing gekyk word, kan daar 'n groot deel van die problematiek na die seksuele lewe deurgetrek word (Van der Walt, 1990:164).

Die Westerse wêreld is dus vasgevang in 'n moraliteitskrisis. Daar bestaan 'n warboel van veranderde waardes, permissiwiteit en soeke na plesier.

Die toenemende tendens van voorhuwelikse seks en die stygende egskeidingsyfer is kommerwekkend (Ketterman, 1984:7).

Die jeugdige roep na seksuele singewing en dit is die verantwoordelikheid van die hele samelewing om aan hierdie noodkreet gehoor te gee en die kind by te staan in die vervulling van sy/haar behoeftes.

## 3.2 DIE MENSLIKE ONTWIKKELINGSFASES

Die ontwikkeling van die mens kan gerieflikheidshalwe in verskillende fases ingedeel word. Elk van hierdie fases vertoon sekere kenmerke. Sielkundiges en opvoeders verskil soms wat die begrensing van ouderdomme betref. Dis belangrik om te weet dat die fases nie in waterdigte komponente ingedeel kan word nie en oorvleueling kom soms voor tussen die verskillende ouderdomsfases. Die ontwikkelingsfases kan onderskei word, maar nooit geskei nie, aangesien alle opvoedingsaspekte interafhanklik is en verder gekompliseer word deur die kompleksiteit van elke individu (Cronjé et al., 1987:32).

Die ontwikkelingsfases kan soos volg ingedeel word:

**Die voorgeboortelike fase**
- Van konsepsie tot geboorte

**Die kinderjare**
- Die babajare (geboorte tot 2 jaar)
- Kleuter- of vroeë kinderjare (2 tot 6 jaar)
- Latere kinderjare (6-10 of 12 jaar)

**Die jeugjare**
- Vroeë adolessensie (12 tot 15 jaar)
- Middeladolessensie (15 tot 18 jaar)
- Laat adolessensie (18 tot 22 jaar)

**Die jare van volwassenheid**

- Vroeë volwassenheid (19/21 tot 40 jaar)
- Middeljare van volwassenheid (40 tot 60 jaar)
- Bejaardheid (60 jaar en ouer) (Boshoff, 1976:19; Cronjé et al., 1987:33).

Vir die doel van hierdie ondersoek sal daar slegs op die adolessentejare van die dogter gekonsentreer word, aangesien geslagsrypwording tydens hierdie fase realiseer.

## 3.3 DIE ADOLESSENT

Die woord "adolessent" is afkomstig van die Latynse term "adolescere". "Ad" beteken "na" of "heen" en "olescere" beteken "om te groei" (Boshoff, 1976:18; Brooks-Gunn en Petersen, 1984:182; Theron, 1976:74).

Tydens hierdie periode groei die kind tot rypheid. Daar word gestreef na fisieke, verstandelike, emosionele en sosiale volwassenheid.

Adolessensie is 'n oorgangsperiode wat oorvleuel met die einde van die kinderjare en die begin van vroeë volwassenheid. Die fase begin tydens puberteit, wanneer die individu geslagsrypheid bereik en eindig wanneer die kind onafhanklik word van sy ouers. Volwasse rolle, soos deur die spesifieke kultuur vereis, kan nou vervul word (Theron, 1976:75).

Die adolessentejare word dus gekenmerk deur die bereiking van puberteit, die tyd waarin die jeugdige seksueel volwasse word. Die kind word fisies in staat om deel te neem aan seksuele aktiwiteite en voortplanting. Toename in hormoonproduksie is intens en gaan voort gedurende die vroeë twintigerjare.

Dit is 'n tydperk van groot verwarring, nuuskierigheid, vrees en opwinding. Die jong liggaam is ingestel op seksuele aktiwiteite en behoeftes (MacDowell, 1989:18).

Liggaamlike ontwikkeling is die sentrale gebeure van adolessensie. Hierdie ontwikkeling geskied teen 'n eie, individuele tempo en die wyse waarop dit geskied, is hoofsaaklik geneties bepaal. Die fisiese voorkoms van die kind is baie belangrik en beïnvloed sy sosiale verhoudinge ten sterkste (Boshoff, 1976:20).

Daar word oor die algemeen aanvaar dat die adolessentefase allerlei aanpassingsprobleme verteenwoordig. Dit is dus belangrik dat die adolessent sal aanpas by fisiologiese veranderinge, asook kulturele eise ten opsigte van onafhanklikheid, heteroseksuele verhoudings, asook verhoudings met sy ouers en maats (Theron, 1976:74).

Volgens Boshoff (1976:20) word die volgende negatiewe kritiek dikwels teenoor die adolessent uitgespreek: "Our adult society tends to regard the adolescent as an unfortunate inconvenience, as a sort of bad moment that we half wish would go away; a distraction or maybe a disruption that gets in the way of the real business of living for the rest of us...". Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op die samelewing om die teendeel te bewys en 'n positiewe houding oor die adolessent en sy ontwikkeling te openbaar.

## 3.4 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE ADOLESSENT

Om aan die samelewingseise te voldoen, moet die adolessent verskeie ontwikkelingstake bemeester wat voortspruit uit fisieke rypwording, kulturele druk en persoonlike waardes en aspirasies. Vervolgens 'n bespreking van die belangrikste take.

### 3.4.1 Die ontwikkeling van onafhanklikheid

Die adolessent sal slegs in staat wees om volwasse heteroseksuele verhoudings asook ryp verhoudings met sy portuurgroep op te bou, beroepskeuses te behaal en 'n persoonlike lewensfilosofie te ontwikkel indien hy onafhanklik kan funksioneer. Dié fase word dus gekenmerk deur 'n geleidelike losmaakproses van die ouers. Die afname in emosionele afhanklikheid van die ouers gaan gepaard met 'n toename in emosionele betrokkenheid by die portuurgroep en lede van die teenoorgestelde geslag (Monteith et al., 1988:41).

Die onafhanklikheidsproses sal afhang van die gegewe kultuur, die opvoedingstegniek van die ouer en die geslag van die adolessent.
Die Westerse kultuur staan toegeefliker teenoor die adolessente dogter en keur 'n langer tydperk van afhanklikheid goed as in die geval van die seun.
Die dogter kan dus minder spanning en konflik ervaar tydens die ontwikkeling van onafhanklikheid as die seun, van wie daar miskien meer verwag word (Theron, 1976:90).

### 3.4.2 Die aanvaarding van 'n eie liggaam

Die fisieke veranderinge wat die adolessent ondergaan, is baie belangrik in hierdie stadium. Die ontwikkelingstaak is daarin geleë dat die kind haar eie liggaam sal aanvaar en die moontlikhede wat geslagsrypheid meebring op verantwoordelike wyse sal hanteer (Boshoff, 1976:40).

Die fisieke verandering word voortdurend vergelyk met die fisiese voorkoms van die portuurgroep. Dis belangrik dat die dogter sal besef dat die tempo van rypwording verskil en dat daar dus fisieke verskille ten opsigte van die geslagtelike ontwikkeling sal wees. Die Westerse kultuur lê besonder klem op die uiterlike voorkoms, soos vergestalt word in die media.

Die dogter wat dus stadig ontwikkel kan 'n gevoel van ontoereikendheid ervaar en dit kan lei tot 'n identiteitskrisis en verwerping van die liggaam (Monteith et al., 1988:39).

### 3.4.3 Die vestiging van heterogene verhoudings

Die portuurgroep speel 'n uiters belangrike rol tydens adolessensie en oefen 'n groot invloed uit op die jeugdige. Dis belangrik dat die adolessent hom sal weerhou van vriendskappe wat 'n negatiewe invloed kan uitoefen. Positiewe invloede aan die ander kant is baie waardevol en dra by tot die verryking van die kind se persoonlikheid. Die skool dien as belangrike verwysingsraamwerk in hierdie verband (Monteith et al., 1988:41; Theron, 1976:97).

### 3.4.4 Die ontwikkeling van heteroseksuele verhoudings

Geslagsrypheid bring nuwe uitdagings en verwagtings na vore. Seksuele drange en begeertes moet met die ontwakende gevoel van ego-identiteit geïntegreer word. Faktore soos die geslag van die adolessent, ouer-adolessent-verhouding en heersende sosiale norme en standaarde sal bepaal hoe die ontwikkelingstaak bemeester word (Gordon, 1985:46; Theron, 1976:91).

Alhoewel die adolessent voorberei moet word om haar geslagsrol in die huwelik te volvoer, moet sy terselfdertyd die uitleef van haar seksuele behoeftes op geduldige wyse afwag. Die waardesisteem wat die samelewing aan die adolessent oordra en voorleef is bepalend vir die adolessent se seksuele gedrag. Dit sal in 'n groot mate bepaal of die jeugdige positief sedelik of negatief permissief sal handel.
Die adolessent moet dus ook self keuses maak en hoe groter die sin vir eiewaarde en vertroue in homself, hoe makliker die keuses (Monteith et al., 1988:43).

### 3.4.5 Die begeerte en verwerwing van sosiaal-verantwoordelike gedrag

Die gemeenskap is onderhewig aan vinnige veranderinge wat onsekerheid en 'n gebrek aan vertroue by die jeugdige meebring. Dit maak die bemeestering van hierdie taak baie moeilik. Dit is belangrik dat die adolessent te alle tye verantwoordelike besluite sal neem (Gordon, 1985:46; Monteith et al., 1988:41).

### 3.4.6 Die ontwikkeling van 'n lewensfilosofie

Die morele waardes van ouers, die portuurgroep, die gemeenskap en die Kerk beïnvloed die volwassewording van die kind. Dit is dus belangrik dat die adolessent met volwassenes kan identifiseer ten einde 'n positiewe waardesisteem te ontwikkel. In die verlede is meer beperkinge op die individu gelê as in ons eietydse samelewing. 'n Onrealistiese beeld van die werklikheid word dikwels deur die massamedia voorgehou wat verwarring by die adolessent meebring. Die vryheid van keuse wat die adolessente dogter het, lei dikwels tot konflik tussen die haar en ander. (Theron, 1976:99).

### 3.4.7 Die voorbereiding tot 'n beroep

Beroepskeuse word ook beïnvloed deur die snelveranderende samelewing van die laat twintigste eeu (Monteith et al., 1988:44).

Alhoewel die ouer die grootste invloed op die adolessent se beroepskeuse behoort te hê, word die adolessent ook sterk beïnvloed deur sy portuurgroep, soos in die geval waar 'n lid van 'n lae sosio-ekonomiese klas deur 'n middelklas-adolessent positief beïnvloed kan word (Theron, 1976:99).

### 3.4.8 Voorbereiding vir die huwelik en gesin

Die keuse van die regte huweliksmaat is uiters belangrik, aangesien dit waarskynlik die belangrikste besluit is wat die adolessent moet maak. Die regte keuse kan vreugdevolle jare meebring, terwyl die maak van keuses as gevolg van oorhaastige besluite rampspoedige gevolge kan hê (Gordon, 1985:46).

## 3.5 DIE GESLAGSRYPWORDINGSPROSES VAN DIE DOGTER

Geslagtelike rypwording is so 'n sentrale kenmerk van adolessensie dat dit vir baie mense feitlik sinoniem is. Vervolgens 'n bespreking van hierdie belangrike fisiese verandering by die adolessente dogter.

### 3.5.1 Die puberteitsfase

Geslagtelike rypwording word gewoonlik met die term "puberteit" aangedui. Dit word afgelei van die Latynse term "pubescere", wat haargroei aandui (Brooks-Gunn en Petersen, 1984:186).

Puberteit verwys na die eerste fase van adolessensie waartydens belangrike fisiologiese en morfologiese veranderinge plaasvind en die dogter geslagsrypheid bereik.

Dit is 'n kritieke fase waarin die jeugdige se liggaam verander tot volwassenheid (Boxer et al., 1983:85). Volgens De Wet en Van Zyl (1974:46) moet die dogter nou leer om seksuele drange te beheer volgens die eise van die samelewing.

Hierdie fisiese veranderinge wat die dogter ondergaan, is die gevolg van 'n ingewikkelde hormoonveranderingsproses. As gevolg van hormoonafskeidings begin die innerlike geslagsorgane tot geslagsrypheid ontwikkel en word die

uiterlike geslagskenmerke mettertyd sigbaar (Boshoff, 1976:24). Monteith et al., (1988:54) verwys na primêre (innerlike) en sekondêre (uiterlike) geslagskenmerke in die verband.

Maksimale groei (wat betref lengte en massa) bereik gewoonlik 'n hoogtepunt gedurende die jaar voor die aanvang van puberteit. Teen gemiddeld 12-jarige ouderdom is die groeiversnelling van die dogter die hoogste (De Wit en Van der Veer, 1984:53).

Wat die geslagtelike rypwordingsproses betref, is daar verskille in die tydstip waarop dit begin en die duur van die proses. Die fisiese veranderinge duur ongeveer vier jaar en begin en eindig omtrent twee jaar vroeër by dogters as by seuns (Boxer et al., 1983:85).

By die dogter is die tydperk tussen 9 en 14 jaar meestal die teken van seksuele rypwording wanneer die ontwikkeling van die borste plaasvind (De Wit en Van der Veer, 1984:54).

Die voorkoms van menarge (eerste menstruasie) is die ingrypendste of mees dramatiese gebeurtenis tydens die puberteitsfase.

Dit kom gewoonlik eers voor wanneer die borste reeds begin ontwikkel het en haargroei op die liggaam reeds voorkom (Boxer et al., 1983:85).

Met menarge word die vermoë tot voortplanting aangedui. Aanvanklik is die voorkoms van menstruasie baie onreëlmatig, maar word op gemiddeld vyftienjarige leeftyd stabiel en dan is die proses van geslagsrypheid by dogters voltooi (Boshoff, 1976:25; De Wit en Van der Veer, 1984:54 en Van der Walt, 1990:132).

Wat betref die aanvang en betekenis van die menarge is daar merkbare kulturele verskille en reaksies. Sommige kulture vier die groot gebeurtenis selfs met vreugdefeeste. Volgens De Wit en Van der Veer (1984:59) is dit iets waarop 'n dogter se moeder trots kan voel, maar die verskyning van menarge kan ook die volgende reaksie te weeg bring: "Het is fijn als je dochter zover is, maar het geeft ook zorgen".

Die hantering van menarge is belangrik. Die gebeurtenis kan traumaties wees indien die dogter nie goed voorbereid daarop is nie. Dit is belangrik om dit as 'n normale deel van die lewe te aanvaar en alle normale fisiese aktiwiteite aan te moedig en sodoende by die adolessent 'n positiewe ingesteldheid te kweek (Monteith et al., 1988:63).

### 3.5.2 Die tempo van geslagsrypwording

Dit wil voorkom of menarge 'n vervroegde tendens toon. Hierdie bewering word deur verskeie navorsers gestaaf. Volgens Brooks-Gunn en Petersen (1984:186) kom menarge drie tot vier maande per dekade vroeër voor. Hierdie stelling word ook gestaaf deur verskeie ander navorsers (Van der Walt, 1990:133). Waar meisies met die eeuwisseling op 'n gemiddelde ouderdom van 17 jaar begin menstrueer het, is die gemiddelde ouderdom nou dertien (Pienaar en De Swardt, 1989:43).

Die vervroegde menarge kan waarskynlik toegeskryf word aan verbeterde lewensomstandighede en dus ook beter voedingsgewoontes (Boxer et al., 1983:87; Pienaar en De Swardt, 1989:42). Die teendeel kan ook plaasvind. Die puberteitsontwikkeling mag vertraag word deur bepaalde eetgewoontes en strawwe oefeningsprogramme wat die dogter se gewig laag hou (Brooks-Gunn en Petersen, 1984:189).

As gevolg van die feit dat dogters nie almal teen dieselfde tempo ontwikkel nie, kan individuele verskille op fisiese en psigiese vlak soms baie groot wees in hierdie fase. Jeugdiges wat te vroeg of te laat rypwording ervaar, ontwikkel dikwels groot aanpassingsprobleme (Cronjé et al., 1987:39).

Te vroeë rypwording kan die dogter se aansien laat styg en haar oor meer selfvertroue laat beskik as haar tydgenote. Aan die ander kant mag die dogter nog nie emosioneel ryp wees vir die verandering nie en dit kan lei tot probleme (Van der Walt, 1990:136).

Jeugdiges wat fisies reeds ryp is maar emosioneel en intellektueel nog 'n agterstand het, kan veral groot probleme ondervind. Dogters wat fisies te vinnig ontwikkel en dus "oorryp" is, raak ook dikwels in seksuele oortredings betrokke (Cronjé et al., 1987:40).

Die adolessente dogter wat fisies stadig ryp word, vergelyk haarself met ander en kan ook persoonlikheidsprobleme ontwikkel, soos byvoorbeeld minderwaardigheidsgevoelens as gevolg van gebrekkige selfvertroue. Gevoelens van spanning kan ook ontlok word (Cronjé et al., 1987:40; Van der Walt, 1990:136).

### 3.5.3 Die implikasies van geslagsrypwording vir die dogter

Die puberteitsjare word gekenmerk deur gevoelens van onsekerheid, as gevolg van die versnelde tempo van liggaamsgroei en emosionele gevoelens wat hiermee gepaard gaan. Versnelde puberteit het tot gevolg dat die geslagsdrang te vroeg ontwaak in vergelyking met ander persoonlikheidskenmerke. Vroeë rypwording kan meebring dat die liggaamlike ontwikkeling en seksuele rypwording die psigiese ontwikkeling vooruitloop (Baartman, 1992:31).

In ons eietydse samelewing word die jeugdige met veranderinge en versoekinge gekonfronteer wat in die vorige eeu eers op 'n later leeftyd die geval was. Die kind was dus geestelik beter opgewasse om die eise te hanteer (Monteith et al., 1988:52).

Daar word dikwels na puberteit verwys as die tydperk van "storm en drang". Volgens Boxer et al. (1983:88), is dit 'n direkte simptoom van die liggaam se hormonale verandering. Hierdie verandering beïnvloed die verhouding met veral ouers en die portuurgroep.

Omdat kinders oor die algemeen fisiek gouer ryp word, lyk hulle dikwels ouer as wat hulle werklik is. Hulle word toenemend as seks-objekte beskou en die volwassene se geslagsdrif word geprikkel. Heelparty dogters in Suid-Afrika buit hulle jeugdige bekoring in prostitusie uit (Pienaar en De Swardt, 1989:43).

In die Westerse kulture word die liggaamlike aspek van menswees dikwels oordryf. Fisieke skoonheid word in die samelewing "verkoop" en het 'n groot winsbedryf geword. Seksualiteit word dikwels verabsoluteer en word nie geïntegreer by die mens in sy totaliteit nie, maar die seksuele word as iets aparts beskou. Die adolessente dogter moet dus te midde van kulturele druk steeds poog om haar seksuele drange te beheer (Pretorius, 1984:175).

In die lig van hierdie oorbeklemtoning van voorkoms in die moderne samelewing word die volgende take ten opsigte van fisieke veranderinge aan die dogter opgelê (Monteith et al., 1988:63):

- die adolessent moet haar eie liggaam aanvaar;

- haar liggaam moet effektief gebruik word;

- die verantwoordelikheid wat geslagsrypwording meebring, moet aanvaar word;

- uiterlike verskille moet mettertyd minder belangrik word en vervang word deur innerlike kwaliteite; dus behoort die uiterlike nie so belangrik te wees nie;

- gesonde liggaamlike higiëne moet te alle tye beoefen word;

- die liggaam is 'n Tempel van God en mag daarom nie ontheilig word nie.

Die adolessent wat fisieke veranderinge ondergaan, kan nie meer lugkastele bou oor 'n sekslose lewe nie. Seksualiteit word op die voorgrond geplaas en die adolessent word opgeroep tot betekenisgewing aan hierdie fisieke veranderinge. Die inhoud van hierdie betekenis sal in 'n groot mate afhang van haar huidige kennis aangaande geslagsopvoeding, maar ook toekomstige opvoeding totdat volwassenheid bereik word (Bisschoff, 1977:108).

Omdat die adolessent soms nog nie psigies ryp is om die emosies wat met seksuele verhoudinge gepaard gaan te hanteer nie, ervaar sy konflik. Ouers keur voorhuwelikse seks meestal nie goed nie. Die druk van portuurgroepe en die media plaas die jong dogter egter in 'n dilemma: sy moet haar eie keuses maak in ooreenstemming met dit wat sy voel reg is en wat ander van haar verwag (Monteith et al., 1988:111; Pretorius, 1984:174).

Die jeugdige dogter se selfsiening raak uitgebreid as gevolg van fisiese veranderinge. Hierdie selfbeeld berus nie net op die dogter se eie waarneming nie, maar hoe ander haar sien en ervaar. Die adolessent moet dus 'n gevoel van kontinuïteit ervaar tussen haar eie selfsiening en die waarneming van ander (Theron, 1976:77).

'n Klein minderheid tieners bereik nooit emosionele rypheid nie, maar bly in 'n staat van innerlike konflik en is soms onderhewig aan toestande soos depressie en verkeerde eetgewoontes, wat na 'n gevaarlike toestand in die vorm van anoreksia nervosa kan lei. Ander vind weer hulle weg langs seksuele wanpraktyke, misdaad en kriminele oortredings. Vir die meerderheid adolessente is dit egter 'n tydperk van geestelike en sosiale groei wat groot uitdagings en opgewondenheid meebring (Anon., 1990:4).

Aan die einde van die adolessente tydperk is die geslagtelike rypwordingsproses voltooi. Die adolessente dogter bevind haar dus in 'n bepaalde geslagsrol en word daar van haar verwag om ooreenkomstig die waardes en norme van die samelewing op te tree (Monteith et al., 1988:54).

## 3.6 DIE MORALITEITSKRISIS VAN DIE TWINTIGSTE EEU

Die adolessente dogter van die twintigste eeu verkeer in nood. Sy bevind haar in 'n samelewing wat 'n seksuele rewolusie ondergaan, wat gekenmerk word deur 'n massale sekskultus met 'n naakkultuur (Barnard,1989:2).

Die belangrike invloed van die massamedia kan nie onderskat word nie. Daar word aan die jeugdige oppervlakkige, illussiewe en betowerende valsbeelde van seksualiteit oorgedra, wat bydra tot versteurde liggaams- en seksualiteitsbelewing (Van Rooyen, 1989:203).

Die kulturele samelewing as geheel het 'n promiskue houding teenoor seks ingeneem, en hierdie ingesteldheid kom na vore uit 'n grondige verandering in die basis van moraliteit. Vroeër het die menslike siening oor seks voortgespruit uit "wat sê die Woord". In ons eietydse samelewing is die meeste mense se begrip van moraliteit gegrond op eie emosies en menings.

Moraliteit is individueel. Dit open dus 'n deur vir 'n moraliteit sonder standaarde. Die jeugdige dogter het te doen met geweldige druk en versoekings van alle kante (Macdowell, 1989:30). Boshoff (1976:84), onderskryf ook die standpunt dat daar 'n definitiewe neiging in die rigting van 'n nuwe, eietydse norme is.

Die sonde van onsedelikheid word in ons tyd al hoe meer verdra. Duisende mense stroom daagliks na buurstate se plesiersentrums, waar naaktheid en onsedelikheid in rolprente en vertonings as trekpleister dien (Van der Merwe, 1989:15).

Die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel vir seksuele gedrag word dus bemoeilik, omdat die moderne samelewing nie meer so 'n hoë premie op sedelike gedrag plaas nie. Losse sedes, korttermyn-verhoudinge en vrye liefde as aanvaarbare gedrag word veral deur die televisie aan die jeugdige voorgehou (Monteith et al., 1988:156).

"Adolescents are struggling to survive in an exploitive, sexual milieu" is 'n stelling wat die moraliteitskrisis waarin die adolessent haar bevind goed raakvat (Brick,1981:226).

As antropologiese grondfeit word daar aanvaar dat die mens gebore word met die potensiaal tot sedelikheid, dus die vermoë om tussen reg en verkeerd, goed en kwaad te onderskei. Sedelike handelinge kom egter nie spontaan uit die mens na vore nie. Wat goed en reg is, word aan die mens geopenbaar deur sy eie lewenservaring, deur die Openbaring van God en deur opvoeding. Dit is dus van kardinale belang in sedelike vorming (Smith, 1988:23).

Volgens Smith (1988:24) speel ontoereikende kommunikasie tussen opvoeders en kind oor persoonlike sake en die dissonans wat die volwasse wêreld voorleef en wat aan die kind voorgeskryf word 'n belangrike rol ten opsigte van sedelike verval.

Vestiging van gewenste morele waardes lê dus hoofsaaklik op die weg van die opvoeders, wat die ouerhuis, skool en Kerk insluit.

Die moderne samelewing vertoon bepaalde tendense, wat weer terugherlei kan word na die oorkoepelende moraliteitskrisis. Met bogenoemde in gedagte, volg 'n bespreking van die moderne samelewingstendense.

## 3.7 TENDENSE VAN DIE MODERNE SAMELEWING

### 3.7.1 Groter permissiwiteit

Dit wil voorkom asof daar sedert die sewentigerjare 'n groter permissiwiteit onder die jeug voorkom. Buitehuwelikse seks word meer aanvaarbaar gevind en voorhuwelikse seks het ook meer gebruiklik geword (Monteith et al., 1988:110; Van der Walt, 1990:176).

Die jeugdige word groot binne 'n wêreld waar seks 'n verbruikersartikel geword het. Voor- en buitehuwelikse seks word dikwels as allemansreg beskou. Dit is belangrik dat die kind op vroeë ouderdom reeds standpunt ten opsigte van die seksuele aktiwiteit sal inneem. Dit blyk dat Skrifgefundeerde norme aangaande die seksuele sy houvas op die tiener in die Westerse kultuur verloor het. Wêreldwye toename in seksualiteit kom voor (Van der Walt, 1990:176).

Volgens Monteith et al. (1988:165), kan seksuele permissiwiteit aan die volgende faktore toegeskryf word:

- Gebrekkige kommunikasie en 'n swak verhouding tussen ouers en adolessente kan lei tot swak identifisering met fundamentele waardes en norme van die gesin.

- Onkunde rondom seksuele aspekte weens swak voorligting deur die ouers.

- Te vroeë emansipasie van ouergesag as gevolg van permissiewe opvoedingstyle, asook groter klem wat op onafhanklikheid gelê word.

- Portuurgroepsdruk om te eksperimenteer met seksuele aktiwiteite ten einde aanvaar te word.

- Die media, veral televisie se oordrag van seksuele permissiwiteit as algemene en aanvaarbare praktyk.

### 3.7.2 Gesinsveranderinge

Die gesin as instelling is ook onderhewig aan die dinamies veranderende karakter van die samelewing wat veral in die twintigste eeu merkbaar geword het. Hierdie verandering ten opsigte van die gesin het verreikende gevolge vir die kind. Ten spyte van veranderinge staan die huwelik gegrond op Bybelse waarhede vas, ook vir toekomstige tye (De Wit en Van der Veer, 1990:148).

#### 3.7.2.1 Gehalte van die gesinslewe

Die gesin is die kleinste en intiemste eenheid in die samelewing en vorm die kern daarvan. Die kwaliteit van 'n samelewing word aan die gehalte van die gesinslewe gemeet. Die moderne gesin gaan gebuk onder die morele aanslag van buite en daarom moet alles in die stryd gewerp word om die gesin te beskerm en by te staan in die opvoeding van die jeugdige.

Die probleem van sedelike verval vererger indien die kwaliteit van die huwelik nie na wense is nie. In so 'n geval ontbreek die pedagogiese ouer-kindbinding en werk dit vervreemding en vereensaming van die kind in die hand (Van Rooyen, 1989:203).

In die geval van gesinsverbrokkeling word die skool die kind se anker. In 'n ondersoek wat gedoen is, is bevind dat slegs 52,08% dogters geslagtelike opvoeding van hulle ouers kry; dit stel dus toenemende eise aan die skool (Van Rooyen, 1989:207).

### 3.7.2.2 Toenemende egskeidings

Die egskeidingsyfer in Suid-Afrika vertoon 'n drastiese toename oor die laaste dekade en het 'n algemene tendens geword. Vir kinders is dit die begin van verandering en onstabiliteit. Ongesonde ouer-kind-verhoudings kan 'n voorloper wees van voorhuwelikse seks. Dissipline en beheer in enkelouergesinne word verder bemoeilik deur die voortdurende afwesigheid van die werkende moeder (De Wit en Van der Veer, 1984:123; TED, 1990:4).
Toenemende spanning binne die gesin dra by tot die toename in egskeidings. Die adolessent moet dus soms in 'n vaderlose gesin, waar die moeder werk, ontwikkelingstake op sy eie bemeester (Theron, 1976:84).

Kinders van geskeide ouers toon 'n groter neiging tot seksuele aktiwiteit en saamwoonpraktyke. Sulke lewenswyses word dikwels deur die enkelouer aan die kind voorgeleef. Die enkelouer wil dikwels nie meer die gebondenheid en verpligtinge van 'n blywende verhouding aanvaar nie en hierdie gedragswyse herhaal hom later in die kind (Booth et al., 1984:88).

Nie slegs word die ouer-kind-verhouding geraak nie, maar ook latere heteroseksuele verhoudings met betrekking tot die kind. Egskeiding mag die kind verhinder om later betekenisvolle verhoudings aan te gaan met iemand van die teenoorgestelde geslag (Van der Walt, 1990:156).

### 3.7.2.3 Gebrekkige kommunikasie

Wedersydse vertroue en kommunikasie tussen ouer en kind is belangrik. Reeds van geboorte af is kommunikasie belangrik en gee dit aan die kind 'n gevoel van identiteit en sekuriteit. Die ouer moet te alle tye toeganklik wees vir sy kind (Raff, 1988:22).

Onkunde rondom die eie liggaam en seksuele aangeleenthede laat die jeugdige weerloos teen wolhaarstories en uitbuiting. Die kommunikasiekanaal met betrekking tot fisieke en seksuele sake tussen ouer en kind moet vanuit die staanspoor op 'n gesonde grondslag rus en oopgehou word vir gesprek. Die kind moet van jongs af opgevoed word om seksualiteit te begryp, nie net ten opsigte van die biologiese aspek nie, maar ook ten opsigte van seksualiteit in interpersoonlike en godsdienstige verband (Kriegler, 1991:12).

Baie vrae en probleme in verband met seksualiteit bly vir die eietydse jeugdige onbeantwoord. Met skynheiligheid en oppervlakkigheid, veral aan die kant van die ouers, word norme aan die jeugdige voorgehou wat nie te handhaaf is nie. Die kind se probleem rondom seksualiteit word geïntensiveer deur gebrekkige kommunikasie met die ouers, die ongewenste invloed van die samelewing en skynheiligheid wat sy by die ouer generasie mag raaksien (Pretorius, 1984:176).

Openlikheid tussen ouer en kind met betrekking tot die seksuele is baie belangrik. In ons eietydse samelewing beleef die jeugdige ingrypende veranderinge ten opsigte van seksuele norme en praktyke. Dit is dus belangrik dat die jeugdige oor alle kennis rondom geslagsake, ook wat betref kontrasepsie, sal beskik. Volwasse gespreksgenote het vanweë hulle agtergrond soms meer inhibisies en vind dit moeilik om seksuele sake openhartig met hulle kinders te bespreek (Boshoff, 1976:85; Pretorius, 1984:176).

Om seksuele inligting van die kind te weerhou, is verdoemend. Die aanleer van seksuele moraliteit berus hoofsaaklik by die ouers. "Sex education starts with a pink blanket and a blue blanket", aldus Mattus (1987:110).

Indien die dogter se behoefte aan seksuele inligting nie deur die ouers bevredig word nie, kan sy dalk verkeerde inligting van die portuurgroep en ander lede van die samelewing bekom. Hierdie inligting kan die kind se seksuele ontwikkeling baie skade berokken (Mattus, 1987:111).

Sommige ouers is van mening dat openlike gesprek in der waarheid toestemming tot seksuele aktiwiteit is en seksuele verkeer aanmoedig, wat hoegenaamd nie die geval is nie. "I thought I was making love, not having sex." Hierdie onkundige woorde van 'n dertienjarige dogter is 'n bewys van die tragiese gevolge van weerhouding van inligting (McCoy, 1990:26). Deur openhartig met die jeugdige te praat, word sy juis gelei om eie keuses te maak en die gevolge en risiko's verbonde aan promiskuïteit te besef (Sapire, 1990:801).

Indien die adolessente dogter oor die korrekte inligting rondom die seksuele beskik en die vrymoedigheid het om met haar ouers hieroor te praat, is sy meer geneig om haar eerste seksuele ervaring uit te stel of kontaseptiewe middels te gebruik (Gordon, 1985:49; McCoy, 1990:27; Scales, 1979:269).

Volgens Coetzee en Cilliers (1988:71) is dit belangrik dat die ouer te alle tye toeganklik sal wees en goeie kommunikasie met die jeugdige sal handhaaf, ten einde bewus te wees van sy standpunte en probleme. Hier volg 'n paar riglyne vir die ouer:

- wees beskikbaar, binne bereik en gewillig om na die adolessent te luister;

- let op u eie voorbeeld as ouer;

- toon respek vir die dogter se liggaamlike verandering en verhoudings, gesels oor seksuele sake;

- vertrou u kind;

- staan vas en bly by beginsels.

### 3.7.3 Voorhuwelikse seks onder tieners

Die adolessente dogter bevind haar in 'n samelewing wat gekenmerk word deur ongerymdhede en dubbele standaarde; nogtans moet sy leer om seksuele gevoelens op 'n aanvaarbare wyse uit te druk en te beheer. Seksuele aktiwiteit onder tieners is 'n eietydse vraagstuk wat wye belangstelling geniet. In welke mate groepsdruk 'n invloed uitoefen op die jeugdige se seksuele aktiwiteite word ook dikwels bespreek (Van der Walt, 1990:160).
Portuurgroepsdruk word deur sommige navorsers beskou as die hoofoorsaak van voorhuwelikse seks. Die begeerte om deur tydgenote aanvaar te word, is groot al is die prys wat daarvoor betaal word soms baie hoog. Die jeugdige wil nie as outyds en preuts bestempel word nie (Macdowell, 1989:22).

De Wit en Van der Veer (1984:158) meld ook die belangrikheid van die portuurinvloed op die adolessente dogter. Die volgende eienskappe kan tiperend wees van die seksueel-ervare adolessent:

- minder belangstelling en kontrole van die ouers;

- konformistiese houding teenoor leeftydgenote;

- 'n permissiewe houding ten aansien van morele vraagstelling in die algemeen;
- minder kerkgebonde;
- vroeë liggaamlike ryping.

Volgens Van der Walt (1990:274) kan daar nie aanvaar word dat portuurinvloed die grootste faktor is tot toetrede van seksuele aktiwiteit nie. Sommige navorsers het bevind dat portuurinvloed die derde plek inneem, naas die invloed van televisie en popmusiek.

Tieners se persoonlike standaarde word gevorm deur waardes wat deur die gesin, portuurgroep en samelewing in die breë aan hom voorgehou word. Daar is verskeie redes waarom die jeugdige seksueel aktief wil verkeer:

- as gevolg van 'n swak selfbeeld;
- soeke na iemand wat vir haar omgee en omgekeerd;
- om te eksperimenteer;
- om groepsdruk te hanteer;
- om "groot" te voel;
- om deur iemand aangeraak te word en aan te raak;
- om goed te voel;
- om met die ouer gelykgestel te word (dit kan as gevolg van wraakgedagtes wees).

Wat ookal die rede mag wees, die jeugdige is dikwels nie voorbereid vir die gevolge soos onder meer verwerping, swangerskap of seksueel-oordraagbare siektes nie (TED 1990:7).

Afgesien van die risiko's verbonde aan seksuele aktiwiteit onder jeugdiges, belemmer premature seks ook die normale proses van selfontdekking en sosiale ontwikkeling wat tydens vroeë adolessensie voorkom (McCoy, 1990:25).

Die tiener is heel dikwels totaal oningelig met betrekking tot seksuele inligting, omdat daar 'n sekere mate van terughoudendheid by opvoeders bestaan. Seksuele opvoedingsprogramme is essensieel, omdat tienerswangerskappe dikwels eindig in ongewenste kinders, vroeë onstabiele huwelike en gesinstres. Tienerswangerskappe hou ook direk verband met selfmoord en agterstraataborsies (TED, 1990:11).

Soos reeds aangedui (sien 3.5.2), word puberteit vroeër bereik, gevolglik begin kinders seksueel aktief raak op toenemend jonger ouderdomme. Dit is nie ongewoon dat sommige tieners seks op gereelde basis beoefen nie (Macdowell, 1989:21; Van der Walt, 1990:165).

Opvoeders en beleidmakers kan nie meer hierdie sosiale neiging van voorhuwelikse seksuele aktiwiteit ignoreer nie. 'n Groot persentasie jong tieners verkeer seksueel aktief. In Amerika is bevind dat 20% van alle tieners onder die ouderdom van 15 jaar seksuele gemeenskap ervaar het en dat daar elke jaar een uit elke tien tienerdogters swanger geraak het (Scales, 1979:263).

Die Amerikaanse kind raak op die gemiddelde ouderdom van sestien jaar seksueel aktief en kondome word gratis aan studente voorsien by opvoedkundige inrigtings. In 'n studie wat op Suid-Afrikaanse leerlinge uitgevoer is,

is daar ook bevind dat groepsmasturbasie en oraal-genitale seks nie 'n vreemde verskynsel is nie. Dit is feite wat skok (Pienaar en De Swardt, 1989:42).

In Suid-Afrika het die saamwoon van ongetroudes in een dekade met 43,6% toegeneem en navorsers meen dat tot 98% van vroue in die Westerse wêreld voorhuwelikse seks beoefen (Pienaar en De Swardt, 1989:40).

Jeugdiges ontvang dikwels 'n stewige biologiese opvoeding rondom die seksuele, met ander woorde die meganiese en fisiese elemente van seks, maar in 'n groot mate leer hulle nie die verhoudingsfasette van seks nie. Die morele verantwoordelikheid word dikwels agterweë gelaat. Hulle word dikwels geleer hoe die liggaam werk, maar nie hoe om hulle begeertes te hanteer op so 'n wyse dat hulle hulself rein hou en God eer nie. Ouers moet dus hulle kinders lei rondom die belangrikheid van heteroseksuele verhoudings en die hantering daarvan (Macdowell, 1989:21).

Die tiener word dikwels verkeerdelik deur die samelewing beïnvloed. Dat seks die "in-ding" is en die antwoord op alleenheid en 'n manier om liefde en aanvaarding te verkry, word dikwels aan hom voorgehou. Aan die ander kant word rook, alkoholmisbruik en verdowingsmiddels as sleg beskou, en seks as immoreel en sondig. Om seks as sleg en sondig te beskou, kan tot 'n verdraaide beeld van seksualiteit (ook binne die huwelik) lei (De Barros, 1989:10).

In die moderne samelewing word daar baie klem gelê op die seksuele aspek. Die adolessent voel dikwels dat sy nie by haar spoggende maats se seksuele prestasies wil agterbly nie, net om later ontnugter te word (McClellan, 1987:789). Geslagsgemeenskap moet nie as die einddoel van 'n verhouding gesien word nie.

Die opvoeder en opvoedeling het 'n groot verantwoordelikheid om te sorg dat die hoogste vervulling van 'n liefdesverhouding binne die huwelik plaasvind. Voorhuwelikse seks bring net nadelige gevolge soos skuldgevoelens, swangerskap en vervlakking van die adolessent se gevoelslewe mee (Monteith et al., 1988:109).

### 3.7.4 Tienerswangerskappe

Tienerswangerskappe is 'n alledaagse verskynsel. Gedurende 1990 is daar 'n ondersoek in die Transvaal gedoen en daar is tot die skokkende ontdekking gekom dat daar 151 swangerskappe onder standerd vier-dogters voorgekom het. Verder is daar bevind dat 7% van alle blanke geboortes onder tieners plaasvind en 11% van alle aborsies in London op Suid-Afrikaanse dogters uitgevoer word, benewens die sowat 250 000 agterstraataborsies wat jaarliks in Suid-Afrika uitgevoer word (Cory:1991).

Alhoewel tienerswangerskappe 'n toenemende tendens vertoon, is dit nie 'n nuwe probleem nie. Volgens Van der Walt (1990:165), kan die oorsake verband hou met:

- vervroegde seksuele aktiwiteit;
- emosionele en sosiale toestande;
- sosio-ekonomiese status en opleiding;
- ontoereikende opvoeding.

Ongewenste swangerskappe kan deur doeltreffende geslagsopvoeding voorkom word en Ketterman (1984:65), waarsku ouers dat kinders op die regte tyd ingelig moet word aangaande seksuele aangeleenthede.

Die stelling word dikwels gemaak dat ouers nie weet hoe om geslagsake te hanteer nie, dat hulle skaam is, of dat hulle dink onkundigheid beter is vir die kind. Dit is dan juis hierdie onkundigheid wat tot baie probleme kan lei (Rossman, 1983:69). Die negatiewe gevolge van tienerswangerskappe kom na vore op fisiologies-mediese, psigologiese, sosio-ekonomiese, en sosio-kulturele terreine en kan sodanig geklassifiseer word.

*** Fisiologies-mediese terrein**

Tienerswangerskappe hou gevaar vir beide moeder en kind in. Die adolessent se liggaam is nog nie gereed vir die geboorteproses nie en dit kan ook lei tot afwykings by die baba. Die uitvoer van onwettige aborsies kan ook komplikasies meebring (TED, 1990:7; Van der Walt, 1990:167).

*** Psigologiese terrein**

Die onsekerheid wat swangerskap meebring, vererger emosionele probleme eie aan die adolessente periode. Die swanger tiener ervaar stres en vind dit moeilik om haar rol van skoolkind tot moeder te verwissel. Haar toestand kan lei tot depressie en in die uiterste gevalle selfs tot selfmoord as gevolg van onrypheid, skuld en skaamte teenoor die samelewing en haar ouers (Cory, 1991; TED, 1990:8).

*** Sosio-ekonomiese terrein**

Die swanger tiener kom dikwels uit 'n lae sosio-ekonomiese klas. Gevolglik sal haar toestand nie verbeter nie en haar ideaal om haarself te verbeter word deur die swangerskap verskraal. Haar onderbroke skoolopleiding lei tot swak kwalifikasies en opleiding ten opsigte van 'n beroep.

Die adolessent mag dus later ernstige probleme ondervind en permanent onder die broodlyn lewe (Van der Walt, 1990:169).

Die benarde posisie waarin hierdie dogter haar bevind, kan lei tot 'n onbevredigende huwelik wat gepaard gaan met onrealistiese verwagtinge. Kindermishandeling kan die tragiese gevolg van tienerswangerskap wees, omdat die tiener nie in staat is om hierdie finansiële druk en verantwoordelikheid te hanteer nie (TED, 1990:8).

*** Sosio-kulturele terrein**

Die adolessent wat nog nie gereed is vir moederskap nie, vind hierdie rol moeilik. Tienerswangerskappe lei dikwels tot identiteitsverwarring by die adolessent, aangesien dit roleksperimentering verstar en haar op moederskap laat fikseer. Hierdie dogters voel dikwels verstote, onseker, onaantreklik en afhanklik en vermy kontak met die portuurgroep wat weer die sosialiseringsproses bemoeilik (Monteith et al., 1988:166). Tienerswangerskappe het ook verreikende gevolge vir die samelewing. Die feit dat dit die normale opvoedingsproses van die skoolgaande dogter belemmer plaas op die langtermyn dikwels verantwoordelikhede op die samelewing, wanneer sodanige dogter miskien afhanklik is van finansiële staatshulp (McClellan, 1987:788).

### 3.7.4.1 Die voorkoming van swangerskappe

Tienerswangerskappe kan op die volgende wyses voorkom word:

- seksuele onthouding;

- deur die gebruik van voorbehoedmiddels;

- deur gebruik te maak van opvoedkundige programme wat gerig is op seksuele gedrag.

Vanuit Skrifmatige beskouing is alle voorkomingsmaatreëls nie aanvaarbaar nie, aangesien Die Skrif duidelike voorskrifte gee aangaande voorhuwelikse seks (Van der Walt, 1990:171).

*** Seksuele onthouding**

Dit is belangrik dat die kind te alle tye sal poog om die Christelike norm van seksuele onthouding te handhaaf. Normatiewe kennis in hierdie verband voorsien die kind van wapentoerusting wat hom toerus in die maak van keuses en seksuele onthouding word daardeur gewillige gehoorsaamheid.

*** Voorbehoedmiddels**

Weens die groot openbare belangstelling in seksueel-oordraagbare siektes en die gevolge daarvan het die gebruik van voorbehoedmiddels sterk onder die loep gekom. Die algemene bekombaarheid van voorbehoedmiddels verteenwoordig die houding van die samelewing teenoor seksuele permissiwiteit van die adolessent (Monteith et al., 1988:165).

*** Opvoedkundige programme**

Opvoedkundige programme spits hulle dikwels toe op die voorkoming van tienerswangerskappe en nie soseer die seksuele aktiwiteit as sodanig nie.
Wanneer daar nie normatiewe begeleiding is nie dien die programme slegs as inligtingsprogramme en word die opvoedingsaspek agterweë gelaat (Van der Walt, 1990:171).

### 3.7.5 Seksueel-oordraagbare siektes

Seksueel-oordraagbare siektes soos sifilis, herpes en gonorree neem daagliks in ons samelewing toe. Die vinnige verspreiding van VIGS, 'n universele en fatale epidemie, wek groot kommer. Daar word daagliks ongeveer 300 toetse in verband met die virus in Suid-Afrika gedoen (Cory, 1991).

Seksueel-aktiewe tieners loop die gevaar om van hierdie seksueel-oordraagbare siektes op te doen. Dit is verskynsels in ons samelewing wat nie weggewens kan word nie, maar dis belangrik dat die jeugdige nie oningelig sal wees nie (Sapire, 1990:802; Van der Walt, 1990:180).

Meer inligting word aan jonger kinders as in die verlede verskaf, deels as gevolg van die besorgdheid oor bogenoemde epidemies en deels weens die ewe ernstige probleem van tienerswangerskappe (Macdowell, 1989:21; TOD, 1992).

### 3.7.6 Seksuele afwykings

Seksuele afwykings kan in 'n groot mate teruggevoer word na die kind se opvoeding. Sommige kinders word van jongs af gedwing om seksualiteit te ontken en onderdruk. Dit lei egter tot allerlei obsessies en fantasieë. Wanneer die kind dan volwasse is en 'n onstabiele persoonlikheid het, kan dit lei tot seksuele wanpraktyke, misdrywe en allerlei disfunksies. Die regte hantering van die kind se seksualiteit kan behepthede verhinder. Kommunikasie tussen ouer en kind is dus belangrik (Pienaar en De Swardt, 1989:40).

Gebrekkige ouer-kind-verhoudings, ongunstige omgewingsfaktore, emosionele versteurings, konflik en opstand teenoor die gesag van die ouers en die samelewing, asook 'n gebrek aan ervaring kan aanleiding gee tot wanaanpassing van die jeugdige.

Dit kan verder lei tot seksueel afwykende gedrag (Cronjé, 1987:41).

*** Masturbasie**

Masturbasie is 'n natuurlike drang. Wanneer die kind egter slegs troos by sy eie liggaam vind, raak dit 'n afwyking. Dit raak dan 'n obsessie om te masturbeer en hierdie afwyking gaan dan gepaard met skuldgevoelens (Cory, 1991; TED, 1990:12).

*** Homoseksualiteit**

Alhoewel die homoseksueel as mens nie veroordeel mag word nie, is die homoseksuele daad sonde. Dit is kommerwekkend dat homoseksualiteit al hoe meer as alternatiewe leefwyse aanvaar word in die samelewing (Cory, 1991).

*** Prostitusie**

Die belangrikste oorsaak van prostitusie is miskien ouerlike onttrekking en onbetrokkenheid by die kind. Prostitute voel verstote, eensaam en vertoon 'n swak selfbeeld. Vir sommige kinders is prostitusie 'n uitkoms om aan die lewe te bly (Van der Walt, 1990:185).

Prostitusie kan vernietigende gevolge hê. Dit is die teelaarde vir die verspreiding van geslagsiektes en verder kan dit onherstelbare emosionele skade aan die jeugdige verrig (TED, 1990:14).

*** Verkragting**

Adolessente (veral dogters) moet weet hoe om verkragtingsituasies te vermy. Die dra van uitlokkende kleredrag is 'n belangrike faktor wat aanleiding kan gee tot verkragting (TED, 1990:14).

*** Molestering en bloedskande**

Volgens Ketterman (1984:119) kan bloedskande of enige ander vorm van seksuele molestering die kind en gesin ernstig benadeel. Gesonder seksuele houdings en die aankweek van 'n sin vir verantwoordelikheid kan die probleem grootliks voorkom. Die kind wat goed ingelig is en toegerus is met die nodige kennis sal vanselfsprekend die probleem beter die hoof kan bied.

### 3.7.7 Druk van die portuurgroep

Die portuurgroep het 'n besondere invloed op die kind, veral die kind in die disfunksionele gesin. Die invloed daarvan is vandag sterker as gevolg van onstabiliteit en wankelrigheid wat in so baie gesinne ervaar word. Die portuurgroep kan beskou word as die samelewing in die kleine waar die adolessent die geleentheid kry om haar selfstandigheid te beoefen en sy die geleentheid kry om "los" te raak van die ouers. Die adolessent ervaar 'n behoefte aan 'n eie identiteit (Van der Walt, 1990:159).

Tieners gee dikwels toe aan die druk van hulle tydgenote, omdat hulle daar die erkenning kry wat hulle eintlik tuis moes kry. Onvoorwaardelike aanvaarding deur die portuurgroep is vir die adolessent belangrik. Omdat so baie jongmense onseker is vanweë ongesonde gesinsverhoudinge neig hulle om verhoudinge met die portuurgroep hegter te maak (Macdowell, 1989:22).

Volgens Cory (1991) kan die invloed van groepsdruk nie onderskat word nie. Die portuurgroep kan negatiewe of positiewe invloede op die adolessent uitoefen. Maats kan dus baie waardevol wees vir die jeugdige, maar kan ook in sommige gevalle 'n baie slegte invloed uitoefen, veral waar die adolessent blootgestel is aan opvoedingsverwaarlosing (Anon., 1990:5).

Vriendskap is vir die adolessent kosbaar. Nabootsing van die portuurgroep se gedrag kan vir die ouer van geweldige belang wees. Omdat 'n jongmens sosiale vaardighede aanleer in sy sosiale omgang met mense vorm hy sy gedrag dikwels ooreenkomstig die norm van leeftydgenote, ook wat seksualiteit betref (De Wit en Van der Veer, 1984:126).

Die houding van die portuurgroep jeens seksuele aktiwiteit en seksuele gedrag het 'n sterk invloed op die adolessent. Die adolessent wat toegee aan groepdruk, ondervind dikwels later gevoelens van verwerping, wat spanning en emosionele onstabiliteit kan meebring (TED, 1990:9, Van der Walt, 1991:274).

Om seksueel aktief te raak, is dikwels in konflik met die norme- en waardesisteem van die adolessent. Dit is so dat die portuurgroep 'n belangriker rol as die ouer kan speel, tensy die adolessent se morele ontwikkeling so stewig gevestig is deur die ouers, dat die portuurinvloed nie meer so sterk is nie (Van der Walt, 1990:177).

Die portuurgroep dien dus as 'n soort sosiale toetsterrein. Die gesin bepaal hom hoofsaaklik by toekomsbesluite rakende die adolessent, terwyl die portuurgroep op die alledaagse, die hier en nou, konsentreer. Die portuurgroep moet egter net gesien word as 'n aanvullende groep met betrekking tot die vestiging van waardes en norme. Dis belangrik dat die gesin se invloed behoue moet bly en nie geneutraliseer moet word nie. In die geval van ontoereikende gesinsinvloed is dit waarskynlik dat die groep as substituut en nie meer aanvullend tot die ouerhuis sal funksioneer nie en dat die portuurgroep 'n negatiewe invloed kan hê (Van der Walt, 1990:159).

### 3.7.8 Die invloed van die media

Die invloed van die massamedia het geweldig toegeneem sedert die sestigerjare. Televisie en die rolprentwese bied oneindig baie tonele en reklameflitse, wat gepaard gaan met seksuele konnotasies ten einde die produk aan die gemeenskap te "verkoop" (Brick,1982:228; Sapire, 1990:799). Rossman (1983:69) handhaaf ook die standpunt dat rolprente en televisie al hoe meer eksplisiet raak in die aanbieding van allerlei sekstonele.

Die media is deurspek met seks. Kinders word gevolglik gebombardeer met hoogbelaaide seksuele boodskappe wat vrye geslagtelike verkeer aanmoedig (Boshoff, 1976:54; Macdowell, 1989:25).

Volgens Cory (1991), het die kind op agtjarige ouderdom reeds ongeveer 8 000 bedtonele aanskou indien daar nie kontrole gehou word oor die keuse van die kykstof nie. Video's is 'n groot sondebok in hierdie verband en die seksuele boodskap is dikwels veel sterker en op die man af as wat die geval met televisie is. Macdowell (1989:28) maak die stelling dat "begeerlike mans en vroue in en uit beddens spring soos vlooie op 'n warm plaat". Intieme bedtonele word dus as heeltemal normaal beskou, ongeag die huwelikstatus. Daar word gefokus op die genotsaspek sonder dat die kind die gevolge daarvan besef (TED, 1990:12).

Boeke, tydskrifte, koerantbylae en veral ook briewekolomme vertoon ook 'n besliste seksuele inhoud. Die boodskap van seksualiteit en probleme wat daarmee gepaard gaan, gaan nie ongesiens by kinders verby nie (Macdowell, 1989:27).

Daar is sekere goedgekeurde boeke beskikbaar rondom die kwessie van geslagtelike opvoeding en -ontwikkeling.

Dis egter belangrik dat die ouer en kind saam die boek sal bespreek en die boek nie slegs aan die kind gegee sal word om self te lees nie (Cory, 1991; Parks, 1990:138).

Die radio of hoëtroustel kan ook 'n magtige invloed op die jeugdige uitoefen. Sommige soorte musiek het 'n sterk seksuele inhoud en oefen ook 'n invloed uit op die kind se seksualiteit (Macdowell, 1989:27).

Die invloed van die media op die vorming van die jeugdige se waardesisteem kan dus nie onderskat word nie. Voorhuwelikse seks word as natuurlik en normaal aan die jeugdige voorgehou en verkeerde waardes word aan hom oorgedra (Monteith et al., 1988:165).

## 3.8 OPVOEDINGSIMPLIKASIES VAN DIE MODERNE SAMELEWING

Dit blyk dat die belangrikste invloede van sedelike verval uit die onmiddellike gesins, sosio-kulturele, opvoedkundige en ekonomiese milieu kom. Die verantwoordelikheid van geslagsopvoeding lê dus primêr by die ouers, skole en kerke (Smith, 1988:23).
Die benadering van die jeugproblematiek aangaande seksualiteit kan wetenskaplik deur sielkundiges en opvoedkundiges benader word. Die massamedia kan bepaalde seksuele illusies aan die jeugdige oordra, maar uiteindelik moet elke jeugdige self verantwoording doen. Ten opsigte van seksualiteit moet die adolessent die werklikheid van sy/haar eie liggaam en gevoelens hanteer.

Die opheffing en voorkoming van jeugprobleme is geleë in 'n toereikende gesinslewe waar opvoedingskommunikasie 'n baie prominente rol vervul. Die ouer en jeugdige moet mekaar ten diepste leer ken en vertrou (Pretorius, 1984:174).

Die gesin is die belangrikste ondersteunende instelling in die lewe van die adolessent en morele leiding van die ouers, veral wat die hantering van seksualiteit betref, is van kardinale belang. Vestiging van waardes en norme ooreenkomstig 'n Christelike lewensoortuiging moet van jongs af aangeleer word (Anon., 1990:3). Die moderne samelewing word gekenmerk deur sekularisme. Tegnologiese prestasies dra verder by tot die devaluering van geestelike en godsdienstige waardes. Die mens is geneig om op sy eie vermoë te steun en onafhanklik te raak van God. Die Kerk verloor sy invloed op die kulturele lewe en die sondebegrip verloor sy betekenis. Die Kerk het dus ook 'n verantwoordelikheid en plig ten opsigte van die sedelike opvoeding van die jeug. Geslagtelikheid is deur God geskenk om aan die mens se lewe sin te gee en dit ryker en voller te maak.

Navorsing het bewys dat daar 'n direkte verband bestaan tussen godsdiens en moraliteit. Die gelowige persoon funksioneer gewoonlik op 'n hoër morele vlak as die ongelowige persoon (Pienaar en De Swardt, 1989:48).

Die bespreking van seksuele aangeleenthede in skole is nie meer 'n vreemde verskynsel nie, alhoewel daar nie sprake is van uitgebreide en omvattende leiding vir elke individuele kind in die land nie. Gesinsvoorligtingsprogramme, waarvan geslagsopvoeding 'n komponent is, moet nie slegs as leiding aan leerlinge gesien word nie, maar moet ook deurentyd ouers ondersteun in hulle opvoedingstaak (Van Rooyen, 1989:207).

## 3.9 SINTESE

Die moderne samelewing word gekenmerk deur toenemende permissiwiteit en die onsedelikheid wat daaruit voortvloei, kan groot probleme skep vir die seksuele ontwikkeling van die adolessent.

Die groter openheid rondom seksuele aangeleenthede moet nie net in 'n negatiewe lig gesien word nie. Dis belangrik dat opvoeders die nodige geslagsvoorligting aan jeugdiges sal bied, sodat hulle nie ervaringe op die probeer-en-tref-metode hoef te beleef nie (Monteith et al., 1988:111).

Suid-Afrika se toekoms is in die hande van die jeug. Daarom het almal in die samelewing 'n verantwoordelikheid om hulle ondersteunend te lei in die geslagsrypwordingsproses.

In hoofstuk 4 sal die ouers se taak met betrekking tot die dogter se geslagsopvoeding van nader toegelig word.